

10 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 24:17–27

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 24:17

Ons hou daarvan!

Ons hou daarvan as mense ons prys! Dit laat 'n mens miskien 'n bietjie ongemaklik voel, en dit is dan gewoonlik ook hoe ons op 'n kompliment reageer. In nederige hoogmoed mompel ons miskien iets soos dat ons dit nou nie eintlik verdien nie, maar tog voel ons eintlik goed daarvoor en laat ons ons die lofprysing welgeval. Wie hou daarvan om géén erkenning te kry nie of om afgekraak te word?

In die Skrifgedeelte vir vandag blyk dit dat ons bene nie regtig sterk genoeg is daarvoor om ophemeling te dra nie. Dit het goed gegaan met koning Joas solank as wat die priester Jojada na hom omgesien het. Die duiwel ken egter ons swakpunte. Joas was immers maar sewe toe hy koning geword het. Het dit na sy kop toe gegaan? Toe die hoëpriester dood is, het die leiers van die volk na die koning gegaan en hom opgehemel, en hy het dit hom laat welgeval. Hy het vergeet dat elkeen wat eerste wil wees, almal se dienaar moet wees (Matt 10:44). Wat aan God se genade te danke was, het hy op sy eie kredietrekening geskryf en ... waar jou skat is, sal jou hart ook wees (Matt 6:2). Sy hart was nie aan die Here se saak geheg nie. Alles het toe skeefgeloop:

- Hy het die Here verlaat; sy verhoogde status maak hom geestelik bankrot.
- Hy luister nie na die vermaning van die Here deur Sagaria, die seun van die priester Jojada, nie; in hoogmoedige selfverheffing en magswellus waarop hy vanweë sy status aanspraak gemaak het, wreek hy hom op Sagaria en laat hom doodmaak.

Ons moenie dink dat ons immuun is teen so 'n verarming nie, of dat ons nie vatbaar is vir so 'n degenerasieproses nie. Die uiteinde van koning Joas is dat hyself vermoor word. Hy sterf eerloos. Hy word nie in die koningsgraf in die stad van Dawid begrawe nie. In sy dood het hy nie deel aan die belofte van die koms van die Messias-Koning wie se koningskap geen einde sal hê nie (Luk 1:33). Want hierdie Koning het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Hy is Priester-Koning wat Homself offer. Op grond van hierdie groot ontferming van God word ons daaraan herinner dat *dit* die wesenlike van ons godsdiens is: GEE JULLESELF! (Rom 12:1).

Sing: Psalm 138:3 (1936)

Ds H Dijkstra (Emeritus)